

Vrydag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:26-29; Filippense 3:12-14

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:27

Die doop in Christus hier op aarde het ten doel om die hemelse prys te bereik

“Julle ... wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. En as julle aan Christus behoort, is julle ook ... erfgename kragtens die belofte van God...en daarom strek ons ons uit na wat voor is, en jaag die doel na om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Die eg Bybelse woorde weerklink van onwrikbare toewyding. As die woorde deel van jou geloofsbelydenis is, dan getuig dit van die konsentrasie en geestelike en fisieke inspanning van iemand wat verstaan wat die doop beteken.

Dit maak die feit duidelik dat die doop vir jou die wegspring is in die wedloop van hierdie lewe; dit is nie die begin van ’n passiewe ontspanne lewe as “Christen” nie. Die doop sluit die gedagte van die kruisiging en opstanding van Jesus (Rom. 6:3-5) in. Veral die deel hê aan die opstanding van Jesus dui dus op ’n besondere dinamiese en geesdriftige lewensbenadering.

As ’n moeë, maar geestelik triomfantlike ou man, was Paulus se herinneringe dat hy nie aan die hemelse “roeping” ongehoorsaam was nie (Hand. 26:19). Soos daardie bevel van die Here vir Paulus ’n werklikheid was wat sy hele lewe beïnvloed het, so moet dit vir ons wees as ons gedoop is: dit is ’n besluit waaroor ’n mens nooit spyt sal wees nie. Deur ons lewe heen sal ons weet dat dit die regte ding is wat gedoen is toe ons hierdie simboliese ver-sekering ontvang het dat ons erfgename van God.

Daar is min beloftes in die lewe waarvan ons so seker kan wees.

Ds. JH (Jan) Venter (Venterstad)